


SALIGE ANTONIUS GRASSI

15 DESEMBER

(1592-1671)

A portrait of St. Antonius Grassi, a man with a white beard and hair, wearing a dark, high-collared garment. He is shown from the chest up, with his hands clasped in front of him. The portrait is set within an oval frame that has a glowing, halo-like effect around the man's head.

Van kleins af was hierdie diepgelowige mens in noue kontak met die priesters van die Oratorium in sy tuisstad, Fermo. Dit was dan ook vir hom die natuurlikste ding om in 1609 by die Oratorium in te tree en hy sou die res van sy lewe 'n getroue seun van Sint Filip Neri wees. Hy was 'n baie goeie bievader en iemand wat vas oortuig was dat die lewe van die Oratorium hom die beste manier gebied het om God en sy naaste diensbaar te wees. Hy word in 1635 tot provoos verkies en hy sou hierdie amp tot en met sy dood beklee (hy is altesaam 12 keer tot provoos verkies). In troue navolging van St. Filip het hy sy medebroers deur die voorbeeld van sy eie lewe gelei en feitlik nooit bevele gegee nie. Onder sy leiding het die Oratorium in Fermo 'n ware leerskool van die geestelike lewe geword.